## MPO AANWYSER 13/22 SEPTEMBER 2020

## DIE GEMIDDELDE MELKPRYS VIR BOERE MOET MINSTENS R5,56 WEES


Die raming vir die produksie van onverwerkte melk vir Augustus 2020 is 228 miljoen liter, 1,5% minder as in Augustus 2019. Die kumulatiewe produksie van onverwerkte melk vir 2020 (Augustus ingesluit) was 2 057 miljoen liter, wat dui op negatiewe groei van –0,6% vir die eerste agt maande van 2020 indien dit vergelyk word met dieselfde tydperk in 2019 (bron: Melk SA laaste twee maande voorlopig). Februarie 2020 was ’n skrikkelmaand, en indien die maand aangepas word na 28 dae, neem die persentasie negatiewe groei vir die eerste agt maande toe tot –1,1%.

As daar verder teruggekyk word, was die groei in 2019 vir die eerste agt maande 0,5%, en vir die eerste agt maande van 2018 was dit 6,6%. Die 2018-basis was dus baie hoog, wat agtergrond bied vir die daaropvolgende laer groeikoerse.

**Tabel 1:** Kumulatiewe produksie van onverwerkte melk (’000 ℓ)

| | |
|---|---|
| Eerste agt maande van 2018 | 2 058 400 |
| Eerste agt maande van 2019 | 2 069 510 |
| Eerste agt maande van 2020 | 2 056 519 |


Uit die tabel hierbo blyk dit duidelik dat produksie in 2019 gestagneer het en in werklikheid ingekrimp het in 2020. Daar moet uitgewys word dat produksie in 2018 te aggressief gegroei het, en dit het aanleiding gegee tot die grafiek hieronder.




Bron: Statistiek SA

Die MPO het konsekwent op die gegewens in die grafiek hierbo gereageer met die kommentaar dat die verlaging in plaaspryse te skerp was en te lank geduur het. Die MPO het gewaarsku dat 'n prysverlaging van hierdie omvang die bedryf oor die kort en medium termyn sal benadeel, boere se reserwes sal uitput, boere sal dwing om skuld te maak om te oorleef, en hulle sal dwing om die bedryf te verlaat. Dit het alles gebeur terwyl rolspelers verder af in die waardeketting Suid-Afrikaanse rand geskep het. Die waarskuwende kommentaar van die MPO is geïgnoreer. In 'n poging om die versnellende afname te stuit is verwerkers nou besig om pryse in die lente te verhoog om voorsiening in die winter van 2021 te beskerm.

Om die situasie wat in die grafiek hierbo geïllustreer word, reg te stel moet die gemiddelde pryse wat aan boere betaal word ten minste R5,56 wees. In die grafiek hieronder is hierdie prys gebruik om te simuleer wat die effek sal wees op die produsenteprys-indeks (PPI) van onverwerkte melk. Dit sal die PPI vir die boer slegs verhoog tot marginaal binne die tendensband van die ander twee indekse.




Melkboere is tans in 'n goeie posisie om prys- en kontrakterme te onderhandel.

Die MPO is meer as gewillig om alle rolspelers in die waardeketting by te staan met objektiewe inligting oor die primêre bedryf en markinterpretasie.

**Bertus van Heerden, hoofekonoom, Melkprodusente-organisasie (MPO)**